

Die liggaamlike misbruik van kinders as emporium in antieke tye

Stella Potgieter

Vakgroep: Praktiese Teologie, Noordwes-Universiteit,
Potchefstroomkampus, Potchefstroom, Suid-Afrika

Abstract

Ancient times were characterised by strict regulations regarding male sexuality, and individuals made no decisions regarding their sexuality. Males were expected to take part in certain homosexual and sodomising rituals at certain times, in the correct company and according to the appropriate rules. Especially those in the highest echelons of society were preoccupied with personal freedom, hedonism and self-centredness regarding the human body and sexuality. In this paternalistic society power was lodged with the male head of the household who had power over everything and everyone, even over the sexuality of others.

“Empire” as control of the powerful over the bodies of others was common during ancient times. Youths were placed under the care of older males for pedagogical reasons and bonding, and these included sexual relations. Enslaved youths were also sexually abused, which shows that total dominance creates the foundation of ancient ethics. Rituals played an important role in these times and initiation rituals were used to recruit youths. Sexual relations where one partner was dominant and the other submissive were commonplace. Fathers also had power over life and death and children were only recognised as living beings with needs once the father accepted the child. Women were only indirectly considered as vessels of reproduction and satisfaction, and were not allowed to enjoy sexual intercourse.

Early church leaders did not react positively to sodomy and regarded it as a sin, but still did not write about it.

Ancient times are recognised as an era preoccupied with power – power over everyone and everything – even sex. This article looks at “empire” from this perspective of exercising power over the bodies of the young.

2 Die liggaamlike misbruik van kinders as emporium in antieke tye

Opsomming

Antieke tye was 'n tydperk waar streng voorskrifte aangaande manlike seksualiteit gegeld het en daar geen individuele besluite geneem is nie. Manlike individue moes deur bepaalde homoseksuele pederastiese ervarings beweeg op die regte tyd, in die regte geselskap en volgens die regte reëls. Veral vir diegene wat op die hoogste vlakke van die sosiale strukture was, was persoonlike vryheid, genot en 'n selfgesentreerdheid aangaande die menslike liggaam en seksualiteit 'n wyse van bestaan. In 'n paternalistiese samelewing was mag gesetel in die manlike hoof van die gesin en het hy mag oor alles en almal gehad – tot oor hulle seksualiteit.

“Emporium” (*empire*) as die beheer van magtiges oor die liggame van andere was 'n algemene verskynsel in antieke tye. Seuns is onder die sorg van ouer mans geplaas vir pedagogiese redes en ook vorming, maar seksuele omgang was nie hierby uitgesluit nie. Slaweseuns is ook seksueel misbruik wat daarop wys dat algehele dominansie die grondslag vir antieke etiek skep. Rituele het 'n belangrike rol in die antieke tyd gespeel en inisiasierituele is beoefen om die jong seun te werf. Seksuele verhoudings wat dui op 'n magsverhouding, waar een deelnemer dominant en die ander passief is, was aan die orde van die dag.

Vaders het ook die mag oor lewe en dood gehad en kinders is eers gesien as 'n lewende wese en iemand met behoeftes sodra die vader die kind aanvaar het. Vroue is slegs indirek in ag geneem as instrumente vir voortplanting en bevrediging en is nie toegelaat om seksuele omgang te geniet nie.

Vroeë kerkvaders het hulself nie positief uitgespreek oor pederastiese praktyke nie en dit is as sonde afgemaak; tog is daar nie daarvoor geskryf nie.

Die antieke tydperk word erken as 'n absolute magsbehepte tydperk – mag oor alles en almal – selfs oor die seksuele. Hierdie artikel kyk na “emporium” vanuit hierdie perspektief van mag neem oor die liggame van kinders.

Fokus van die artikel

Hierdie studie ondersoek literatuur rakende pederastie en die mag wat die *erastes* (volwasse man) oor die *eromenis* (jong seun) in antieke tye gehad het. Seksualiteit is nie gesien as 'n deel van 'n kind se grootwordproses nie. Dat

daar 'n tydperk in 'n kind se lewe is waar daar 'n seksuele ontwaking is, waartydens die kind homself as 'n seksuele wese ontdek en bewus raak van sy aangetrokkenheid tot die teenoorgestelde geslag, was nie gedurende die antieke tyd ter sprake nie. Dié artikel bied 'n genuanseerde beeld op pederastie en die mag wat ryksdenke, oftewel emporium, sou hê.

Inleiding

Deur die eeue heen kan ons hemelsbreë verskille waarneem tussen wat verskillende kulture normaal en toelaatbaar vind rakende seksuele houdings en konvensies (Hyam 1990:6). Hierdie ooglopende variasies, wat deur antropoloë uitgewys word, kan slegs verduidelik word aan die hand van die verskille in kulturele leer en nie deur genetiese variasie nie (Hyam 1990:6; Laes 2006:275). Wanneer Plato of Anacreon praat van liefde wat 'n manlike persoon vir 'n seun het, weet ons nie watter soort verhouding na verwys word nie en of daar mag en gesag teenwoordig was nie. Antieke Grieke en hulle gehore was betrokke in verhoudings met seuns of was bevriend met iemand wat in 'n verhouding met 'n adolessente seun was, maar hulle het nie baie moeite gedoen om vrae te beantwoord wat ons vandag vra nie, byvoorbeeld hoe oud die seuns was, hoe die man en die seun teenoor mekaar opgetree het en hoe hulle hul gevoelens uitgedruk het.

Homoseksualiteit en pederastie as diskoers

In die antieke wêreld het die woord “homoseksueel” of “heteroseksueel” nie bestaan nie, maar dit is verkeerd om te beweer dat die antieke mens nie van die homoseksuele oriëntasie bewus was nie, bloot omdat die begrip “orientasie” se sogenaamde wetenskaplike bevindings destyds nie bekend was nie (Percy 1996:9; Potgieter 2006:49).

The ancient Greek and Latin languages have no word that can be translated as homosexual, largely because these societies did not have the same sexual categories that we do. Our concepts and categories of sexual expression are based on the genders of the two partners involved: heterosexuality when the partners are of the opposite sex, and homosexuality when the partner is of the same sex. In other times and among other peoples, this way of thinking about people simply doesn't seem to apply — anthropologists, historians, and sociologists have described many cultures in which same-sex eroticism occupies a very different place than it does in our own (Mondimore 1996:3-4).

Die Kommissie van Leer en Aktuele sake van die Sinode van Wes- en Suid-Kaapland van die Nederduitse Gereformeerde Kerk voer aan dat die Griekse kultuur waarskynlik die mees beskaafde vorm van homoseksuele praktyke gehad het.

Volgens die kommissie was daar 'n "Instituut van Pederastie" wat homoseksuele dade tussen ouer mans en jonger mans (seuns) bevorder het. Jong seuns van tussen 12 en 16 jaar oud is met die oog op hulle "opvoeding" en vorming onder die sorg van ouer mans geplaas (Cantarella 2002:ix). Die Romeine het vereis dat die geliefde moet deelneem aan 'n intellektuele, sielkundige en seksuele spel wat heeltemal buite die mentaliteit van 'n Romeinse burger lê. Die antieke Grieke het bepaal dat die persoon wat verlief geraak het op 'n seun hom eers die hof moes maak. Die volwasse persoon moes liefde aan die seun bewys en hom oortuig van die erns van sy bedoelings. Aan die ander kant het dit vir die Romein net oor sy eie manlikheid gegaan (Cantarella 2002:98). Seksuele omgang sonder liefde is egter leeg en dit sou amper op dieselfde vlak lê as verkragting. Liefdelose seksualiteit degradeer die mens tot 'n fisiologiese en biologiese masjien wat alleen maar op instink en op hormone reageer (Steyn 2006:137).

Sommige outeurs uit daardie tyd prys pederastie as die mees volmaakte voorkoms van liefde. Die Romeinse wêreld was 'n man-gesentreerde wêreld. Die mooi, begeerlike lyf was dié van 'n breëbors jongman. Daar is nie onderskeid getref tussen heteroseksuele en homoseksuele begeerte nie (Carroll 2010:7). Die grootste versoeking was die manlike liggaam. Erotiese belewenisse was deel van 'n wêreld gevul met magiese kragte en bomenslike persone. Hulle waardes was verweef met status, hiërargie, gesag en manlike voorkeure. Dieselfde mense het in die loop van drie of vier eeue hulle opvattinge oor erotiese gedrag en liggaamlikheid verander, maar steeds nog nie in terme van gelykheid, wedersydse respek, inherente skoonheid en seks as 'n volle faset van alle liggame gedink nie (Botha 2006). Seksuele omgang was nie beperk tot tussen 'n man en vrou nie. Hul siening was dat vroulike genot iets is om te beheer. Vroue is slegs indirek in ag geneem as instrumente van voortplanting en bevrediging (Cantarella 2002:112).

Mans het omgang met mans gehad. Hulle het selfs seuns uit bordele ontbied tydens die *cena* (Van den Berg 2005). Vir 'n Romein was een van die grootste deugde sekerlik viriliteit; dit was ook 'n politieke deug want politiek het hand aan hand geloop met mag. Van kinderdae af is Romeine grootgemaak om te domineer. As 'n Romeinse burger het die individu 'n enkele taak gehad: om die wat hom teenstaan te oorheers en om oor die wat hul aan hom oorgegee het te heers. Algehele dominansie skep die grondslag vir Romeinse etiek. Die Romein moes sy stempel oral afdruk – by medeburgers, deur die politieke korrekte taalgebruik, en ook by alle ander Romeine – deur die krag van sy wapens en die meerderwaardigheid van sy wetgewing. Om uiteindelik 'n waardige Romeinse burger te word moet die individu van 'n

vroeë ouderdom af leer om sy wil af te dwing – ook sy seksuele wil (Cantarella 2002:98).

Die seksuele gebruik van kinders in die antieke wêreld was trouens 'n algemeen aanvaarde praktyk en is nie gesien as molestering nie (Corby 1998:14).

Tydlyn van pederastie

Die meeste Griekse literatuur wat ná 600 vC geskryf is verwys na pederastie, maar is selde spesifiek oor wat, indien enigiets, seksueel gebeur het (Percy 1996:6). Pederastie is nie geïnstitueer tot laat in die sewende eeu vC nie (Percy 1996:2), maar daarna het dié sisteem spoedig versprei na die res van Hellas. Dit word gou minder gereglementeer in Ionië en Athene, maar terselfdertyd meer gefokus op intellektuele ontwikkeling van die adolessente seuns. Dié gebruik het voortgegaan vir meer as 'n millennium totdat dit deur Christene onderdruk is (Percy 1996:3).

Een groep geleerdes het die oorsprong van pederastie as inisiasie teruggevoer na die oorspronklike bewoners van Siberië; 'n tweede groep na die eerste Indo-Europese setlaars in Europa lank voor die proto-Griekse Griekeland bewoon het. 'n Derde skool geleerdes glo dat die praktyk onder die proto-Griekse ontstaan het, terwyl 'n vierde aanvoer dat dit 'n Doriaanse gebruik was. Die Doriane was die laaste van die Grieke om die skiereiland binne te gaan en het die meeste "primitiewe" gebruike behou (Percy 1996:10).

'n Demografiese kenner (Sallares 1996:172) voer aan dat pederastie tussen die jare 2000 en 1500 vC by die Grieke geïnstitueer is om die bevolkingsgetalle te beheer. Percy (1996:264) verwys ook na die ontstaan van pederastie en voer aan dat dit begin het as gevolg van die oorbevolking in die aristokratiese era gedurende 650 BC.

Marrou (1956:27) postuleer dat situasionele homoseksualiteit ontstaan het toe mans tydens die Donker Eeue (1200 tot 800 vC) van hul vroue geïsoleer was, en dat dit later gelei het tot geïnstitueerde pederastie. Die gebrek aan eenvormigheid in dié praktyk, selfs binne so 'n beperkte area, toon aan dat die praktyk plaaslik ontstaan het en nie 'n algemene nalatenskap was nie. Alhoewel hierdie ooreenkoms tussen sommige Nieu-Guinese stamme en antieke Indo-Europeërs by sommiges aanklank vind, is dit die mins geloofwaardige verduideliking vir die ontstaan van Griekse pederastie (Percy 1996:17).

Waar daar geen of min inligting rakende Antieke Griekeland bestaan nie, is daar in latere dokumente inligting wat getuig van die belang van pederastie en pederaste in die Griekse beskawing.

Kreta is gedomineer deur magtige, kultuurvaste, konserwatiewe, edele families wat die antieke tradisies in stand gehou het lank nadat die meerder-

heid Grieke sekere tradisies al verwerp het (Boswell 1980:81), onder andere pederastie.

In die Simposium van Xenophon (c 430 – ná 355) het die gaste vrylik en sonder sensuur oor pederastie en soortgelyke gebruike gesels. In sy beroemdste werk, die *Anabasis*, skryf hy dat Clearchus, die bekendste van Cyrus die Jongere se generale, net so gewillig was om geld te spandeer op 'n *paidika* of op ander plesiere as op oorlog (Percy 1996:187). Die betekenis van die woord *paidika* word as 'n seksuele aangetrokkenheid tot kinders en of as seksuele aktiwiteite van 'n volwassene met 'n kind verduidelik (*Webster's Online Dictionary* 2011). Hindley (1994) postuleer oortuigend dat Xenophon een van die mees insiggewende antieke skrywers rakende pederastie en *eros* is (Percy 2005:38). Xenophon het verskeie slim en insiggewende opinies gelug wat soms deur hedendaagse skrywers oor Griekse homoseksualiteit ignoreer word. Hy het byvoorbeeld die militêre waarde van erotiese binding herken, maar ook gevalle aangedui waar 'n oormaat van man tot man wellus gelei het tot bevelvoerders se nalatigheid, en dat verskeie oorloë asook lewens so verloor is.

Die volwasse man of vader se mag oor kinders

Die Roomse *paterfamilias* was die absolute heersers met onbeperkte mag oor alles wat aan hul behoort het. Hy het mag gehad oor sy uitgebreide familie, oor alle besittings asook oor slawe. Dit was ook sy plig om gesonde kinders en volwaardige burgers vir Rome op te voed. Hy het ook mag oor lewe en dood gehad oor diegene binne sy uitgebreide familie. Hy het mag gehad buite dié van die gemeenskap en die regering (Cantarella 2002:98).

Kinders van slawe, veral die seuns, is deur volwasse mans vir seksuele plesier gebruik en hierdie gedrag is deur die samelewing aanvaar (Marais 1990:51). Daar is geglo dat dogters geen nut in die gesin het nie en daarom het dogtertjies altyd die risiko geloop om vermoor te word. Dogtertjies is ook as prostitute verkoop. Van den Berg (2005:15) noem dat slawe absoluut as seksobjekte gesien is. Vroue van hoë aansien het ook soms prostitute aangehou vir hulle eie gebruik. Die prostitute was dikwels kinderslawe. Die kinders was veral begeerlik vanweë hulle onskuld, kinderlike koddigheid, spraaksamheid en gebrek aan inhibisie (Dio. 48.44.3; Van den Berg 2005:140).

In hierdie tye is dit as gasvry beskou indien jy in jou gaste se seksuele behoeftes kon voorsien en baie dogtertjies is dan ook hiervoor gebruik. "Historically children were 'loaned to guests' or hired out for sexual use" (Iverson & Segal 1990:3). Hierdie praktyk het meer dikwels in die hoër stand plaasgevind en kinders van die laer stand het die risiko geloop om op so 'n manier misbruik te word (Corby 1998:15). Seksuele omgang het ook binne die familiestruktuur plaasgevind (Corby 1998:15). Vandag word hierdie

aktiwiteite binne die familiestruktuur as bloedskande bestempel en is 'n oortreding van die wet. In hierdie tye is seksuele praktyke tussen volwassenes en kinders as normaal beskou en is dit deur die samelewing aanvaar (Iverson & Segal 1990:2).

Vaders het die outoriteit gehad om hulle kinders te verkoop, te vermink of skend, of selfs te offer. Indien 'n kind met 'n gebrek gebore is, of swak was by geboorte, kon die vader sy diskresie gebruik oor wat met die kind sou gebeur. Sommige kinders is selfs op die ashoop gegooi indien die pa besluit het dat hy nie die kind wil hê nie. Indien 'n kind ongehoorsaam was, het die pa die mag gehad om sy kinders as slawe te verkoop (Kok 2010:1). Dit was nie snaaks dat 'n vader sy kind ongeskik verklaar het om te lewe nie. Hierdie beheer wat die vader oor sy gesin uitgeoefen het, het in die Romeinse wêreld as die *patria potestas* bekendgestaan (Kok 2010:1).

In ancient times when might was right, the infant had no rights until the right to live was ritually bestowed. Until then, the infant was a nonentity and could be disposed of with as little compunction as for an aborted fetus. The newborn had to be acknowledged by the father; what the father produced was his to do with as he wished (Kempe & Helfer 1980:3).

Patria potestas verduidelik die mag wat na vader (man) oor sy gesin uitgeoefen het. Kinders wat enige fisiese gebreke, psigiese- of gedragsprobleme getoon het, is as 'n las vir die gemeenskap gesien. Hierdie kind sou nie 'n bydrae tot die gemeenskap maak nie en is doodgemaak (Iverson & Segal 1990:3). Dit is egter ook gedoen as 'n manier om die bevolking te beheer en sodat hulpbronne aan die sterkere persoon beskikbaar sou wees. Baie van hierdie kinders is vir die gode geoffer om die samelewing se welstand te verseker (Tower 1996:2-3). Uit die aard van die saak het daar meer as dikwels vergrype plaasgevind en uiteindelik sou Keiser Valentinianus in 374 na Christus die pa se mag oor lewe en dood wetlik beperk (Kok 2010:1).

Dus is die kind eers gesien as 'n lewende wese en iemand met behoeftes sodra die vader die kind aanvaar het. By die vader het die keuse gelê of die kind mag lewe al dan nie (Tower 1996:1).

Pederastie/pederas

Die debat rakende pederastie het begin in die eerste jaar van die twintigste eeu en gaan steeds voort (Cantarella 2002:ix). Soos reeds aangetoon was die woord "homoseksueel" nie bekend nie, maar woorde wat wel bekend was, was die woorde "pederas" en "pederastie", en hierdie woorde is die kenmerkende voorbeeld van manlike ouderdomsgestruktureerde homoseksualiteit (Feinberg & Feinberg 2010:337).

Dit is belangrik om in ag te neem, in die lig van die stigmatisering en kriminalisering wat in ons samelewing aan pedofilie gekoppel word, dat die Grieke nie seksuele verhoudings met kinders by pederastie ingesluit het nie. Verstraete en Provencal (2005:128-129) argumenteer dat pederastie (beide antiek en hedendaags) nie verwar moet word met die hedendaagse betekenis van pedofilie wat dui op die seksuele uitbuiting – homoseksueel of heteroseksueel – van ’n kind se onvolwassenheid nie. Die onderskeid tussen die twee word sosiaal waargeneem deur die gepaste ouderdom van erotiese belangstelling van die volwassene en die seksuele toestemming van die adolessent. Omdat die meeste *eromenis* adolessente tussen die ouderdomme van 12 en 18 jaar verkies het, of totdat hare op die liggaam dig geword en die baard begin groei het, klassifiseer ons hierdie *erastai* as pederaste eerder as pedofiele (die wat kinders bemin) of efebofile (die wat 18- tot 22-jariges bemin). Van hulle kant af sou die Grieke ons hedendaags algemene androfilie afgemaak het as onsmaklik en selfs verwerplik in die sin dat dit geen pedagogiese doel dien nie. In hulle oë sou so ’n praktyk die prestige en waarde van die passiewe deelnemer verminder omdat meeste Grieke (en Romeine) geglo het dat volwassenes nooit vroulike rolle moes inneem nie (Percy 1996:9).

In wese verwys die woord “pedofilie” na ’n persoon wat voorkeur gee aan seksuele kontak met kinders van dieselfde, die teenoorgestelde of beide geslagte op ’n meestal nie-gewelddadige wyse. Hy of sy ervaar herhaalde, intense seksuele opwekking deur fantasieë en het gedurig drange om met ’n kind onder sestien seksueel te verkeer, met of sonder penetrasie (Potgieter 2009:62). Pedofilie word daarom geklassifiseer deur die *Diagnostic and Statistical Manual of Mental Disorders* (DSM-IV-TR) as parafilie en is ’n seksuele afwyking. Hierdie afwyking word as ’n diskoers van promiskuiteit gesien. Die idee is dat pedofilie promisku is, en nie sferes van liefde en intimiteit betree nie. In ’n pedofiliese seksuele verhouding met ’n kind is daar sprake van dwang, mag en skuldgevoelens. As gevolg hiervan kan psigologiese of psigiatriese wanorde (Lanyon 1986:59; Naudé 2005), alkohol- en dwelmafhanklikheid (O’Hagan 1990:51; Flora 2001:136; Roos 2005:169; Pryor 1996:171; Potgieter 1997:181), swak sosiale vaardighede (Flora 2001:75; Wolfaardt 2003:150) en swak emosionele ontwikkeling (Potgieter 1997:181; Pryor 1996:59) ontstaan.

Die Griekse woord *paidēraστία* (*παιδεραστία*) verwys na mans wat vir seuns lief is en waar volwasse mans as opvoeder ’n seksuele verhouding met seuns het as *paidarasths* (pederastie) (Liddell & Scott 1983:585). Pederastie is ’n term wat dui op ’n seksuele verhouding tussen ’n volwasse man en ’n jong seun. Jong seuns is telkens deur hulle ouers na ouer mans gestuur wat as hul leerkragte en opleiers opgetree het. Nie net het die ouer man (*erastai*) die jong seun (*eromenis*) se akademiese opleiding bevorder nie, maar ’n liefdesverhouding wat gelei het tot ’n seksuele verhouding “het dikwels tussen die

student en die leerkrag ontwikkel” (Feinberg & Feinberg 2010:337). Gagarin en Antham (2010:27) poneer:

Some Athenian men entertained high-minded intentions toward the boy they courted, but the market of male prostitutes and handsome slaves indicates that ancient pederasty did not aim chiefly at the education and moral improvement of boys, as some embarrassed defenders of classical civilization still contend, but rather at adult sexual pleasure.

In Griekeland, word aanvaar, was ’n seksuele verhouding ’n magsverhouding waar een deelnemer dominant en die ander passief was. Aan die een kant van die verhouding staan die volwasse man; aan die ander kant vroue, slawe en jongmans. Seksuele rolle is gelykstaande aan sosiale rolle, en seksuele gedrag is gesien as ’n weerkaatsing van sosiale gedrag en nie as die dominante tema nie. Daarom is dit belangrik dat ons in gedagte hou dat dit vir die Grieke die individu se rol, en nie die individu se geslag nie, is wat belangrik is. Seksuele deelnemers word in twee klasse verdeel – nie in manlik en vroulik nie, maar in aktief en passief (Mondimore 1996:8; Downing 2006:135-136). Terwyl daar van die ouer deelnemer verwag is om plesier uit die seksuele daad te put, is dit nie van die jonger deelnemer verwag nie (Mondimore 1996:8). Die twee rolle is onderskei deur aan die twee deelnemers verkillende name te gee: die ouer deelnemer is die *erastes* (volwasse man ἔραστοί, “lovers”) genoem en die jonger deelnemer die *eromenos*, (ἑρώμενοι “beloved”, “love objects”) (Mondimore 1996:8). Daar was meestal nie orale of anale kontak nie, maar daar is wel kleikunswerke wat toon dat die ouer deelnemer sy penis tussen die dye van die jonger deelnemer sou insit terwyl beide staande is (Mondimore 1996:8; Spivey 2004:49; Percy 1996:7).

Die *erastes/eromenos* -verhouding is in digkuns besing en is deur Plato gebruik om die filosofie van liefde en prag te verduidelik. Manlike paartjies is gebruik as motief op vase en urns en ander huishoudelike houers (Spivey 2004:50). Om ’n jongman lief te hê is geïdealiseer as ’n liefde met spesiale kenmerke wat anders is as die liefde vir ’n vrou – “hemelse liefde” teenoor “alledaagse liefde” soos Plato dit in sy Simposium beskryf (Mondimore 1996:9). “Griekse liefde” dui op mans wat tienerseuns bemin.

...[I]t is sufficient to be aware that *paiderastia*, ‘the strong desire for boys’ was not in itself a shameful pursuit. On the contrary, in the eyes of Plato and others, it could be the most ennobling and honorable form of love in human experience (Spivey 2004:50).

Marrou (1956:26) skryf:

For we must remember that since the twelfth century we have learnt to give love a deeper meaning than is conveyed by the word libido, in the biological sense of the term.

Sharon (1998:6) wys daarop dat

[Daar van] die jong beminde verwag is om passief toe te kyk gedurende omgang en om op sy minnaar se angstige verlange na bewondering (of philia) te reageer. Daarmee saam sou die ouer man 'n goed gedefinieerde politieke funksie vervul deur op te tree as leerkrag en deur die jongman bloot te stel aan die volwasse lewe en die grondigheid wat van 'n burger verwag is.

Die meeste Griekse mans van die hoë sosiale klas is ná 600 vC verbied of streng afgeraai om te trou voor hul 30 jaar oud was, en diesulkes het adolessente seuns as minnaars gehad (Percy 1996:1). In sy vroeë twintigerjare het die aristokraat of *erastes* 'n adolessent, die *eromenos* of geliefde, genader om 'n verband met hom te smee en hom op te lei voor die aristokraat 30 geword, getrou en kinders gehad het. Op daardie tydstep sou die adolessent, nou self volwasse en met sy verpligte militêre diens afgehandel, ook 'n adolessent aanneem en oplei totdat hy self trou (Percy 1996:2). In hierdie vorm was pederastie die klas etos en die aristokratiese begeerte vir die voortbestaan van hul klas (Percy 1996:2). Daar is ook van volwassenes verwag om te trou en kinders te hê as 'n siviele- en gesinsplig (Percy 1996:9; Barnard, Fuller, Kenneth, Robbins & Shaw 1989:249). Diégene wat oor lang tydperke die passiewe rol in so 'n verhouding gespeel het, is verag omdat hulle as verwyfd geag is, en sekere praktyke soos pa-seun pederastie is as verkeerd gesien, maar andersins is pederastie as heeltemal respekabel geag (Feinberg & Feinberg 2010:326). Cantarella (2002:113) wys daarop dat wanneer die Griekse seun volwasse ouderdom bereik het, daar van hom verwag is om die rol van aktiewe minnaar te vervul met beide vroue en seuns. Die Griekse man moes dus binne 'n paar jaar twee heeltemal uiteenlopende seksuele inisiasies ondergaan. Die eerste inisiasie het hom in staat gestel om te leer en om 'n rol te speel wat hy jare later, tydens sy tweede inisiasie, beveel is om te vergeet. Hierdie aksie het 'n bouse kringloop tot gevolg en dit wil voorkom dat 'n persoon net voortgegaan het met die bouse kringloop.

Die ideale ouderdom van die *eromenos*, soos uitgebeeld op vaasskilderye en grafies beskryf, is dié van die eerste baard, met ander woorde van 14 tot 17 jaar oud. Hierdie tydperk van 'n adolessensie word onder andere deur Sigmund Freud (1935) as 'n tydperk van "storm en drang" beskryf. Dit is sekerlik omdat adolessensie min of meer met die aanvang van puberteit, met

ander woorde fisiese en seksuele rypwording, ervaar word. Dit is ook gedurende hierdie tydperk dat 'n persoon denkvermoëns en morele waardes ontwikkel en die persoonlikheid gevestig word. Daar kon egter geen navorsing opgespoor word wat na die nagevolge van pederastiese optrede op die jong persoon verwys nie.

Dit was ideaal vir die ouer man om 'n seksuele genoot te hê wat nog nie 'n baard gegroei het nie. Wanneer daar hare op die jongman se gesig begin groei het sou die ouer man heel waarskynlik na 'n nuwe genoot begin soek (Gagarin & Antham 2010:27) of andersins is hy gekastreer (Neill 2009:199) omdat die baard en ook 'n bleskop daarop gedui het dat sy testosteroonvlakke drasties verhoog het (Mrazek & Kempe 1981:6). Deur hom te kastreer is testosteroonafskieding geëlimineer.

Om die passiewe deelnemer in 'n homoseksuele verhouding te wees was nie noodwendig elke tienerseun se droom nie, maar dit was terselfdertyd moeilik vir Griekse jongmans om die tipe verhouding vry te spring, al het dit nie by hul persoonlike voorkeure ingepas nie. Griekse seuns is geleer om seksuele omgang te aanvaar op dieselfde manier waarop daar van gerespekteerde Victoriaanse dames verwag is om dit te verdra: nie as plesier nie, maar as plig (Cantarella 2002:213).

Inisiasieritueel

Daar moet egter in gedagte gehou word dat die meeste Grieke deel gehad het aan pederastie voor die huwelik (Percy 1996:9). Rituele het 'n belangrike rol ingeneem by antieke volke. Dormiese vegters het jong seuns jaarliks en ritualisties semen ingegee om hulle sterk en braaf te maak, soos sekere primitiewe kulture tot vandag toe nog doen. Sambiese vegters laat seuns die semen direk van die penis af inneem, en ander primitiewe kulture van Nieu-Guinee spuit semen by die jongmense se anusse in, laat hul urine drink of smeer hulle met ekskresie (Percy 1996:17).

Daar was seksuele inisiasierituele wat beoefen is deur Doriaanse (‘n bevolking in antieke Griekeland) aristokrate en dit het aangehou tot in die klasieke tye (Neill 2009:153). Hierdie rituele beskryf eksplisiete seksuele verhoudings tussen 'n volwasse kryger en 'n jong seun. Strabo meld hierdie rituele soos beskryf deur die historikus Ephorus (4 vC). Ephorus beskryf hoe 'n homoseksuele ontvoeringsritueel uitgevoer is om 'n liefdesverhouding met 'n seun aan te knoop. Die volwasse man – *erastes* – het nie sy *eromenos* (ontvanger van liefde) deur oorreding verwerf nie, maar deur ontvoering. Strabo beskryf dit as volg:¹

¹ Oorspronklike teks uit Strabo aangehaal deur Ephoros; Die gedeelte is geneem uit Koehl, RB. 1986. The Chieftain Cup and a Minoan Rite of Passage. *Journal of Hellenic Studies*. 106, 105-107.

The lover tells the friends of the boy three or four days beforehand that he is going to make the capture. But for the friends to conceal the boy, or not to let him go forth by the appointed road, are indeed a most disgraceful thing, a confession, as it were, that the boy is unworthy to obtain such a lover. And when they meet, if the abductor is the boy's equal or superior in rank or other respects, the friends pursue him and lay hold of him, though only in a very gentle way, thus satisfying the custom. And after that they cheerfully turn the boy over to him to lead away. If, however, the abductor is unworthy, they take the boy away from him. And the pursuit does not end until the boy is taken to the *andreion* (men's house) [n gebou waar Kreteriaanse mans saam etes geniet het] of his abductor.

Soos in bostaande genoem moes die seun natuurlik gelyke sosiale stand van die volwassene wees. Die *erastes* en die *eromenos* veg met mekaar, hulle jaag hom rond in die woud of op die vlakte en daarna gee die vriende die *erômenoi* oor aan die *erastes*. Die ontvoering eindig en die seun word na die *andreion* geneem. Nadat geskenke aan die *eromenos* gegee is, word hy weggeneem na 'n plek in die platteland van sy keuse waar hy geleer word om te jag, opgelei word in vegkuns en waar hy betrokke raak by 'n seksuele verhouding. Diegene wat teenwoordig was by die ontvoering vergesel hulle na die feesvieringe en jag wat twee maande lank duur (Neill 2009:153). Volgens wet mag so 'n seun nie vir langer weggehou word nie daarom gaan hulle terug na die stad. Die seun word dan bevry deur aan hom militêre toerusting as geskenk te gee. Tradisionele geskenke, 'n bees en 'n drinkbeker, word ook aan hom gegee.

Onweerlegbare Griekse kenners skryf telkens hoe pederastie nie net aanvaar is nie, maar gesien is as 'n waardige pad om te neem na intellektuele en militêre aansien (Percy 1996:185). Alhoewel hierdie soort liefde oor die algemeen aanvaar is, het dit moraliste baie angstig gemaak (Cantarella 2002:94).

Dit is interessant om te sien dat, aangaande hierdie praktyk, selfs iemand so belese soos Plato pederastie noem as 'n onderskeidingskenmerk tussen klassieke Helenistiese beskawings en despotiese, barbaarse kulture:

[D]ie barbare sê dat pederastie, filosofie en naakte sport onbehoorlik is as gevolg van hul despotiese regering; ek neem aan dat dit vir hul leiers voordelig is dat die massas nie in goeie luim is of sterk vriendskappe smee nie, en die liefde doen dit meer as enigiets anders (Simposium 182b).

Sommige mans uit die hoë klas het weliswaar hul fisiese kontak met hul geliefdes beperk tot naakte stoeiery in die gimnasium en om saam met hulle te ontspan in simposia waar hul niks meer sou doen as in mekaar se oë te kyk en mekaar te soen nie. Baie illustrasies waar pederastie in 'n gimnasiumopset gesien word, is op kunswerke (Spivey 2004: 49).

Die einde van pederastie

So vroeg as die vierde eeu al het teoloë geskryf oor die boosheid van pederastie. In hul vroeë literatuur word daar vir die eerste keer na homoseksualiteit (pederastie of sodomie) verwys as “die sonde van die Stede van die Plein” (Mondimore 1996:197). Deur die Middeleeue heen is homoseksualiteit geassosieer met mense wat as vyande van Christendom geag is: Jode en Moslems (Mondimore 1996:197).

Vroeë Kerkvaders het hulself nie positief uitgespreek oor homoseksuele praktyke nie (Potgieter 2006:75). Hulle reaksie was in ooreenstemming met dié van die Bybel wat enige seksuele verhoudings buite die huwelik as sonde beskou. Venter (2007:94) dui aan dat Johannes Chrysostomos die oneervolle optrede van die Romeine ook eksplisiet met pederastie (homoseksuele verbintenisse met 'n minderjarige seun) verbind het en dit nie as normaal beskou het nie.

Ook gedurende hierdie tyd het die Christendom, wat tydens die eerste twee eeue van die Romeinse Ryk baie stadig en meestal in Ooste versprei het, baie meer populêr geword in die Weste. Dit is maklik om te begryp hoe die apokaliptiese tema wat in dié tyd deur Christenpredikers voorgehou is, wat die eensklapse vernietiging van die wêreld beskryf het, byval sou vind by die Romeine in die derde eeu (Neill 2009:210).

Konstantyn die Grote het 'n belangrike rol gespeel in die sin dat hy alleen die heidense ryk in 'n Christenryk omskep het, nie deur die Christelike geloof aan te gryp nie, maar ook deur die kerklike hiërargie met regeringswerkinge te belyn, wat die fondasie gelê het vir die Bisantynse regering wat sou volg, asook die regering van Middeleeuse Europa (Neill 2009:226).

Die mees algemene aspek van seksuele bevrediging tussen mense van dieselfde geslag was omgang met jong seuns. Pederastie is deur sommige kerkleiers as sonde afgemaak, maar hulle het niks geskryf oor seksuele verhoudings tussen volwasse mans nie. Onder hierdie kerkleiers was die Biskop van Antioge (Sirië) in die middel van die tweede eeu (*Theophilus To Autolykus*) en 'n vriend en finansiële ondersteuner van Origen. In 230 nC is vier omvattende bundels oor Christelike etiek en lewenstyl geskryf, maar nie een van hierdie bundels het homoseksualiteit [pederastie] verbied nie (*Letter of Barnabas, Didach, Didascalia, sentence of Sextus*). Die een bundel verbied wel orale seks wanneer 'n vrou dit op 'n man uitvoer (Brattston 2012).

Die Katolieke Kerk het 'n toenemende invloed op alle aspekte van Europese lewe gehad en predikers en biskoppe onder leiding van die Pous het hul mag dwarsoor die kontinent saamgevoeg (Mondimore 1996:24). In dié proses het verskeie “sondes”, soos kettery teen die kerk se leer en sodomie, strafbare oortredings geword (Mondimore 1996:24). Teen die veertiende eeu het koninklikes dwarsoor Europa geswig voor die mag van die Katolieke Kerk en pederastie tot misdaad verklaar. Dit was dikwels strafbaar met die dood. Dertiende-eeuse Engelse wetgewing het gesê dat mense wat omgang gehad het met Jode, kinders of mense van dieselfde geslag lewendig begrawe moes word (Mondimore 1996:24).

Ná die oorwinning van Christenskap skryf twee geskiedkundiges oor hul weersin aan Germaanse stamme se praktyk van pederastie. Ammianus Marcellinus (c 380 nC) noem die Taifales, waar die jongman deel was van 'n passiewe verhouding tot hy sy eerste beer of wildevark doodgemaak het (Percy 1996:18).

Slotwoord

In hierdie artikel is “emporium” beskryf as magsdraers se neem van beheer oor die liggame van magteloses.

In die antieke wêreld het die woorde homoseksueel of heteroseksueel nie bestaan nie, maar die verskillende oriëntasie was wel bekend. Pederastie – seksuele omgang met seuns – was 'n algemeen aanvaarde praktyk gedurende hierdie tye. Onder 'n patriargale stelsel het die manlike familiehoof (*paterfamilias*) onbeperkte mag oor sy uitgebreide familie gehad. Dit het hulle seksualiteit ingesluit. Hierdie was 'n mangesentreerde wêreld. Die manlike waarde was verweef met status, hiërargie, gesag en manlike voorkeure. Seksuele omgang met 'n seun (*eromenos*) was beskou as volmaakte liefde. Vandag sou dit liefde degradeer en die mens tot 'n fisiologiese en biologiese masjien uitmaak wat op instink en hormone reageer. Die feit dat daar geglo is dat pedagogie en opleiding bevorder is, het 'n seksuele verhouding nie uitgesluit nie.

Die Christendom het 'n gedeeltelike korrektief op hierdie gebruike gebring, alhoewel dit uiteindelik saamgeval het met die Christelike weersin in homoseksualisme.

Bronne geraadpleeg

American Psychiatric Association 2000. *Diagnostic and statistical manual of mental disorders*. (4th ed.) Washington: American Psychiatric Association.

- Barnard, GW, Fuller, A, Kenneth, Robbins, L & Shaw, T 1989. *The child molester. an integrated approach to evaluation and treatment*. New York: Brunner.
- Boswell, J 1980. *Christianity, social tolerance, and homosexuality: gay people in Western Europe from the beginning of the Christian era to the fourteenth century*. Chicago: The University of Chicago Press.
- Botha, PJJ 2006. Die lyf: fasette van die erotiese en seksuele in die Romeinse ryk. *Verbum et Ecclesia* 27(1), 107-130.
- Brattston, DWT 2012. Not singled out. <http://epistle.us/articles/notsingledout.html>. (Accessed on 6 February 2012.)
- Cantarella, E 2002. *Bisexuality in the Ancient World*. CT: Yale University Press.
- Carroll, JIL 2010. *Sexuality now: embracing diversity*. Belmont: Wadsworth.
- Corby, B 1998. *Managing child sex abuse cases*. England: Jessica Kingsley.
- Downing, C 2006. *Myths and mysteries of same-sex love*. NE: Authors Choice Press.
- Feinberg, JS & Feinberg, PD 2010. *Ethics for a brave new world*. Illinois: Crossway.
- Flora, R 2001. *How to work with sex offenders. a handbook for criminal justice, human service, and mental health professionals*. New York: The Haworth Clinical Practice Press.
- Gagarin, M & Antham, E 2010. *The Oxford Encyclopedia of Ancient Greece and Rome*. Volume 1. New York: Oxford University Press.
- Hindley, C 1994. Eros and military command in Xenophon. *Classical Quarterly*: 44, 347-366.
- Hyam, R 1990. *Empire and sexuality: the British experience*. New York: Manchester University Press.
- Iverson, TJ & Segal, M 1990. *Child abuse and neglect*. New York: Garland Publishing.
- Kempe, CH & Helfer, RE 1980. *The battered child*. Chicago: The University of Chicago Press.
- Kok, K 2010. Sleutels wat die antieke wêreld oopsluit (3). Mans is baas. www.bybelkennis.co.za. (Toegang verkry op 26 Maart 2011.)
- Laes, C 2006. *Children in the Roman Empire: outsiders within*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Lanyon, RI 1986. Theory and treatment in child molestations. *Journal of Consulting & Clinical Psychology* 54(2), 176-182.
- Liddell, HG & Scott, J 1983. *Greek-English lexicon*. Oxford: Clarendon Press.
- Marais, C 1990. *Children of sorrow: child sex abuse in South Africa*. Rivonia: Ashanti.
- Marrou, HI 1956. On the education of children in antiquity. London: The University of Wisconsin Press.

- Mondimore, FM 1996. *A natural history of homosexuality*. Maryland: The Johns Hopkins University Press.
- Mrazek, PB & Kempe, CH 1981. *Sexually abused children and their families*. Oxford: Permagon Press.
- Naudé, J 2005. Reconstructing paedophilia: an analysis of current discourses and the construct of close relationships. MA-dissertation. Stellenbosch: University of Stellenbosch.
- Nederduitse Gereformeerde Kerk 1999. Verslag van die Kommissie van Leer en Aktuele Sake van die Sinode van Suid- en Wes-Kaapland.
- Neill, J 2009. *The origins and role of same-sex relations in human societies*. North Carolina: McFarland & Company.
- O'Hagan, K 1993. *Emotional and psychological abuse of children*. Bucking: Open University Press.
- Percy, WA 1996. *Pederasty and pedagogy in Archaic Greece*. VSA: University of Illinois.
- Potgieter, J 2006. *'n Studie in Nuwe Testamentiese Hemeneutiek: Die Homoseksualiteitsdebat in die Nederduitse Gereformeerde Kerk (1986-2004)*. Pretoria: Universiteit van Pretoria.
- Potgieter, LM 1997. Psychological case studies of child molesters. MA-dissertation. Bloemfontein: University of the Free State.
- Potgieter, SD 2009. *'n Pastoraal-hermeneutiese benadering tot pedofilie*. Ongepubliseerde PhD-proefskrif. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.
- Pryor, DW 1996. *Unspeakable acts: why men sexually abuse children*. New York: University Press.
- Roos, N 2005. *Praat daaroor*. Pretoria: Lapa.
- Sallares, R 1996. *The ecology of the Ancient Greek World*. New York: Cornell University Press.
- Sharon, A 1998. *Plato's symposium, translation, introduction, and notes*. MA: Focus Publishing, R. Pullins Company.
- Spivey, N 2004. *The Ancient Olympics*. New York: Oxford University Press.
- Steyn, GJ 2006. Identiteit en seksualiteit in die Nuwe Testament. *Verbum et Ecclesia* 27(1), 131-154.
- Tower, CC 1996. *Understanding child abuse and neglect*. Boston: Allyn and Bacon.
- Van den Berg, M 2005. *'n Kultureel-sosiale studie van nagtelike aktiwiteite in antieke Rome, gebaseer op primêre bronne*. MA-verhandeling. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.
- Verstraete, BC & Provencal, V 2005. *Same-sex desire and love in Greco-Roman Antiquity and in the classical tradition of the West*. New York: Harrington Park Press.

- Webster's Online Dictionary 2011. <http://www.websters-online-dictionary.org/definitions/pedophilia?cx=partner-pub-0939450753529744%3Av0qd01-tdlq&cof=FORID%3A9&ie=UTF-8&q=pedophilia&sa=Search#906> > (Accessed on 10 February 2012).
- Wolfaardt, L 2003. Mans wat kinders molesteer: 'n hipno-ontleding. PhD-proefskrif. Johannesburg: Randse Afrikaanse Universiteit.

